

Skriflesing: 1 Timotheus 1:1-20
 Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 12**
 Teks: **1 Timotheus 1:17**
 Sing- **Ps. 107:16; Ps. 89:5; Ps. 19:2**

1 Timotheus 1:1- 20

- 1Ti 1:1** Paulus, ‘n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop,
- 1Ti 1:2** aan Timótheüs, my ware kind in die geloof: Genade, barmhartigheid, vrede van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here!
- 1Ti 1:3** Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie,
- 1Ti 1:4** en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is.
- 1Ti 1:5** Maar die doel van die gebod is liefde uit ‘n rein hart en ‘n goeie gewete en ‘n ongeveinsde geloof
- 1Ti 1:6** waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies;
- 1Ti 1:7** hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie.
- 1Ti 1:8** Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik
- 1Ti 1:9** en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars,
- 1Ti 1:10** hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is,
- 1Ti 1:11** volgens die evangelie van die heerlijkheid van die salige God wat aan my toevertrou is.
- 1Ti 1:12** En ek dank Hom wat my krag gegee het, Christus Jesus, onse Here, dat Hy my getrou geag en in die bediening gestel het,
- 1Ti 1:13** my wat vroeër ‘n lasteraar en ‘n vervolger en ‘n geweldenaar was. Maar aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof.
- 1Ti 1:14** En die genade van onse Here was baie oorvloedig met geloof en liefde wat in Christus Jesus is.
- 1Ti 1:15** Dit is ‘n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.
- 1Ti 1:16** Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om ‘n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe.
- 1Ti 1:17** Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid. Amen.
- 1Ti 1:18** Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timótheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry
- 1Ti 1:19** en aan die geloof en ‘n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely,
- 1Ti 1:20** onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

Artikel 12: Die skepping van alle dinge, veral van die Engele

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgevind het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel ‘n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goedgevoel om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Sommige van die engele het uit die verhevenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.

Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daaglik hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

Jes. 40:26; Matt. 28:19; 1 Joh. 5:15., Hand. 5:3; 1 Kor. 3:16; 6:11; Rom. 8:9; Kol. 1:16; 1 Tim. 4:3; Heb. 3:4; Op. 4:11; 11:16; Heb. 1:14; Ps. 103:21; 34:8; Joh. 8:44; 2 Pet. 2:4; Luk. 8:31; Matt. 25:41; Hand. 23:8; Matt. 4.

Skriflesing: 1 Timotheus 1:1-20

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 12**

Teks: **1 Timotheus 1:17**

Sing- Ps. 107:16; Ps. 89:5; Ps. 19:2

In die vorige artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis het ons geloof al groot spronge gemaak. Broeder en suster art 1 het begin deur eenvoudig te sê *ek glo...* ek glo dat daar 'n God is. Artikels 2-7 handel oor hoe God geken kan word. Die middele waardeur God Hom laat ken en hoe God geken wil word. Artikels 8-11 het God nog meer oor Homself bekend gemaak. Sy Persone en hoe Hy werk en hoe Hy ons bereik. Die Godheid van die Seun en die Godheid van die Heilige Gees, gaan van die Vader uit, maar gaan ook uit van die Seun. Dit word baie duidelik bely dat net soos die Vader God is, so is die Seun en die Heilige Gees dieselfde God, Hy wat 'n Drie-Enige God is. Enig deurdadig daar niemand is soos Hy nie, maar enig deurdadig Hy net een God is, daar is nie drie gode nie, die Vader, die Seun en die Heilige Gees is een God. Met hierdie God wil ons die lofrede van 1 Tim 1:17 dadelik begin- **17** *Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid.*

Waar hierdie eerste 11 artikels in hoofsaak by God Self, in Wie Hy is en hoe Hy werk stilgestaan het, gaan dit nou vêrder om die werk van God, in wat God duidelik doen, na vore te bring. Dit gaan oor die skepping (Art 12) en daarna gaan dit oor God se voorsienigheid (Art 13). Ons kan die twee nie los vanmekaar stel nie, al moet ons dit onderskei kan dit nie geskei word nie. Ons het gehoor dat art 12 al dadelik God se voorsienigheid by God se skepping betrek. Maar eers moet die skeppingsdade van God na vore kom voordat daar enigsins rondom die God wat voorsien verder gekyk kan word.

Vir ons as kerk, hier saam vergader moet dit een van die groot gedagtes wees wat 'n baie sentrale lyn in ons hele lewe moet wees nl. om God as Skepper te ken en te bely. Ons kan

baie voorbeelde vanuit God se Woord aanhaal, die gebede in die Bybel, in die Psalms wat opgeteken staan, dikwels gaan dit daaroor dat God geskep het. Die duiwel en hulle wat met Satan saamwerk het natuurlik ten doel om hierdie grondstuk, ja letterlik die grondstuk waar God die mens uit die *adam*, uit die stof, uit die aarde, uit die grond gemaak het, om hierdie grondstuk van ons geloof te ondermyn.

Die grondstuk word in twyfel gebring deur allerhande sg. wetenskaplike bewyse na vore te wil bring, wat eintlik maar op teorieë gebaseer is. Ja, hier het ons waarlik in baie opsigte te doen met die dinge waarteen Paulus ook vir Timotheus waarsku. Die Here praat deur Paulus en waarsku ons dat ons ons nie besig moet hou met fabels, met twisvrae, dinge wat nie tot stigting van die geloof is nie. Direk hierna lees ons 'n lys van harde koue sondes. Sulke sondes wat ons direk uit die Wet as sonde kan sien.

Kom dit by die aanvaarding van die teorieë rondom ewolusie dan raak dit egter moeiliker. Dit sien ons. Dit kan nie alles sommer as sonde weggepraat en afgemaak word nie. Tog hoe meer mense daarmee besig is hoe duideliker word dit dat ons het hier 'n duidelike afdwaling van geloof wat nie mag veins nie. Ons moet God as Skepper onvoorwaardelik vooropstel. Daar moet nie allerhande praatjies en twyfels daaroor wees nie. Met liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete, met 'n ongeveinsde geloof moet ons God as Skepper erken en bely. So doen Art 12 dit. Al die mooi dinge wat Paulus hier vir Timotheus opnoem, moet ook rondom Art 12 Nederlandse Geloofsbelydenis gebeur. Ja, sommige dinge in die ewolusieteorie voorgelou klink inderdaad eintlik vir my na onsinnige praatjies, ook 'n gedagte uit 1 Tim, om van die skeppingsdinge hierrondom ons sommer in miljoene der miljoene jare te wil terugreken. Die mens is slim en kan baie slim wees, maar dat daar maar nog baie keer deur sulke slim mense ook onsinnighede gepraat word, is nie te betwyfel nie.

Vandag moet ons ook erken die aanvaarding van baie van die wesentlike elemente van die evolusieteorie is eintlik niks anders as 'n tipe van geloofstuk wat as alternatief vir wat God in sy Woord openbaar dat Hy geskep het en Hy het geskep deur te spreek. Die sg. wetenskap word dan met hulle voorwaardes die bewysstuk vir hulle teorie. So werk dit in hoofsaak vandag nog met die evolusieteorie soos deur Darwin begin, geopereer. Geensins word met God se openbaring en God as Skepper gereken nie maar word daar geglo aan oerspesies en ontwikkelinge uit hierdie spesies wat die mens nie sien as deel van God se skepping nie, maar nog minder maak dit vir hulle saak, die bekendmaking dat die mens na die beeld van

God geskape is. Die mens is vir hulle niks anders as 'n vorm van soogdier vanuit 'n soort van aapspesie ontwikkel. Hierdie mense aarsel ook glad nie om uit hulle nuutgevonde berekeninge en beredeneringe die mens se voorgeslagte met miljoene en miljoene jare terug te voer en met wiskundige gevatheid word die ouderdom van die aarde in geweldige jaartalle opgestapel wat geen mens hom kan indink nie. Die jaarlyne en geslagslyne wat hierdie mense voorhou heg natuurlik geen waarde en besit geen begrip dat met die skepping werk ons alreeds met die verbond van God nie. God se skeppingshandelinge wat ons as verbondshandeline bely bestaan nie by sulke mense nie.

Daarom wie met art 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis erns maak sal besef God se verbond het reeds al met die eerste skeppingsdag die lig van God in die lig van die wêreld verbind. Daarom dat ons belydenis nog vóór daar oor God se raad en God se uitverkiesing gehandel word, dit kom wel later (Art 16), maar alles begin vir ons in hoe ons glo dat God, toe Hy alles geskape het, het God Self sy Woord en sy werke vooropgestel en ons beweeg vanuit God se werke na 'n deel van God se besluite en kan ons nie andersom daarna kyk deur eers God se besluite en dan God se werke te beskou nie. Daar is in alle geval baie van wat in God se besluite lê wat nie vir ons oë bedoel is nie en waarvan ons in alle geval niks sal verstaan nie. God se skepping plaas God Self in sy lig, dit alreeds op die eerste skeppingsdag.

Die werke van God handel vanaf Genesis 1 oor die geskape werklikheid waarmee hierdie deel van ons belydenis hoofsaaklike vier groot lyne trek. God wat alles geskape het en sy doel daarmee. Die skepping van die engele en hulle werk. Die val van sekere engele en wat hulle straf is. Ten laaste die verwerping van allerlei dwalinge in die verband o.a. die dwaling van die Sadduseërs en ook die Manicheërs.

God wat alles geskape het, maar dit gebeur *ex nihilo*. Daar was uit niks geskape. Dit was deur en deur 'n almagtige daad van God, net God wat dit kon doen. Werklik niks waarmee God kon werk om sy werk te begin nie. Daar was geen oerstof waaruit God sou kon begin werk nie. Al wat daar was en wat steeds is en wat altyd sal wees is sy Woord en hierdie Woord waardeur God alles geskape het, is Een wat Self God is, is sy Seun Jesus Christus. Ons belydenis sê dit mooi dat God **toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het**. Die Heilige Gees het van die begin af in alles meegewerk. In die woord van die Here het ons hier die

duidelike getuienis ook uit Hebreërs 11:3 - *3 Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.* Hoe pragtig bely ons ook in Art 12 die soewereiniteit van God nl. dat toe God dit **goedgedink het**, toe het Hy geskep. Niemand wat God kon dwing of voorskryf of enigiets wat kon gebeur dat God Hom eensaam gevoel het, of dat God van die oorfloed uit Homself ontslae moes raak nie. Dit beaam wat ons in Op 4:11 ook lees- *II U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.*

Daarna volg ons belydenis met 'n pragtige getuienis wat in alle opsigte die evolusie leer eenkant toe stoot, want het ons bely- **God het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien.** Ons lees ook in Spreuke 16:4- *4 Alles het die HERE gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil.* Daar is niks wat toevallig tot stand gekom het nie. Daar is niks geskape wat nie 'n bepaalde doel moes dien nie. Alles wat geskape is, het 'n doel gehad. God het aan elke wese sy gestalte, sy gedaante, sy onderskeie werksaamhede, sy take gegee (Die Nederlanders praat van alle dinge het sy ampte ontvang.) Selfs die dinge wat ons nie kan sien nie, of nooit sal sien nie. Dit alles het God tot sy doel geskape. Natuurlik moet dit alles gedien het om God te eer. Dadelik besef ons dat toe God die mens geskape het, het Hy aan die mens sy verbond gegee. Die verbond wat die besondere groot vooruitsig aan die mens gebied het, dat God vir die mens belowe dat alles wat Hy geskape het, ook nou daar was om die mens te dien. So kan die mens dan weer vir God dien. God skep alles om die mens te dien dat die mens weer vir God kan dien. Wonderlik!

Wat alles voor die skepping lê is nie vir ons om te weet nie. So kan ons oor die skepping van die hemel ons net hou by wat in die Bybel staan. Hierdie hemel is nie maar 'n verwysing na die uitpansel nie, want dit het God die tweede dag geskape. Dit kan ook nie maar net 'n verwysing na die hemel wees wat ook die sterrehemel genoem word nie. Dié is op die vierde dag geskape. Inderdaad gaan dit oor die hemel wat bo alle hemele is, ook genoem die derde hemel, die woonplek van God en die engele. Die hemel waarvan ons ook in 2 Kor. 12:2 lees. Dit is inderdaad 'n plek, dit is nie maar net 'n toestand nie. Hierheen het Jesus opgevaar. Dadelik moet ons ook aanvaar dat God van die begin van die skepping daar woon. Waar God voorheen gewoon het dit weet ons nie.

Ook die skepping van die engele, dit moet ons fassineer. Oor die engele word daar gesê: Engele is magtige wesens – geeste (nie-stoflike wesens). Hulle is nie kragte nie, maar persone sonder liggaam. Hulle het selfbewussyn (Luk. 1:19), begeertes (1 Pet 1:12), hulle aanbid (Heb. 1:6), word bly (Luk.15:10), praat (1 Kor. 13:1). Hulle is tegelyk en naas mekaar geskep – dus met geen familieverbandings. Daar is verskillende “klasse” engele bv. Cherubs, Serafs, owerhede, magte en trone (Heb.9:5, Jes. 6:2, Kol.1:16). Hulle taak is tweeledig naamlik om God te loof en om Sy boodskappers te wees wat die gelowiges dien (Heb. 1:14). Hulle is ‘n definitiewe hulp aan gelowiges. Pragtig die besef soos die skepping daar is om ook ons as mense te dien, so is die engele ook geskape as bedienaars van die mens. Wat ‘n troos om te mag weet dat dié wat in Christus bly ons is, méér is as hulle wat teen ons is. (Psalms 34 en 91). Die gedagte dat elke gelowige sy eie “beskerm-engeltjie” het, is egter ‘n onbybelse Roomse fabel. Weer van die fabels wat Paulus vir Timotheus ook van skrywe.

Omtrent die helfte van hierdie artikel 12 kom egter te staan voor die bestaan van die demone. Hy wat oor die engele sy kommentaar geskryf het, praat ook oor die demone. Hy stel dit soos volg- Iewers tussen die skepping en die mens se sondeval, het ‘n groot aantal van God se engele tot ‘n val gekom deur in opstand teen God te kom. Uit Jud. 1:6 kan ons aflei dat hoogmoed die sonde van hierdie engele was. Hulle was nie tevrede met die posisie wat God aan hulle toegewys het nie. Die aanvoerder van hierdie gevalle engele was en is die satan (satan beteken teenstander). Dit het God nie behaag om aan hulle verlossing te skenk nie. Hulle wag op die ewige verdoemenis. Sedert Jesus se hemelvaart is die satan gebind sodat hy nie onbelemmerd sy gang kan gaan nie (Open 20). Tog stry hy en sy demoniese ryk teen Christus se kerk en teen elke individuele gelowige soos moordenaars (Ef. 6:12, 1 Pet. 5:8) om die kerk in die verderf te stort. Die wonder is egter dat God (in Sy voorsienigheid) hierdie booshede gebruik om tot Sy kinders se beswil te dien. Daarvoor gaan art 13 in besonder.

Geliefdes hiermee het ons dan in besonder die 4 groot hooflyne wat ons uit hierdie artikel moet vashou. God wat alles geskape het en sy doel daarmee. Die skepping van die engele en hulle werk. Die val van sekere engele en wat hulle straf is. By die laaste kom ons by wat eintlik net feitelik gekonstateer kan word. Met hulle kan ons hoegenaamd nie saamstem nie, maar met die Nederlandse Geloofsbelydenis verwerp ons die die dwaling van die Sadduseërs en ook die Manicheërs. Die Manicheërs volgelingen van Mani ‘n Persiese burger, waarby die kerkvader Augustinus vanaf 373 – 382nC voor sy bekering ook deel van was. Hierdie stroming het groot aanhang ook in Afrika gekry. Dit het omtrent 1000 jaar lank bestaan,

vanaf die 3de eeu tot in die 13de eeu. Die mense van Mani sê dan ook rondom die oorsprong van die duiwels dat hulle hul oorsprong in hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie. Daarmee sluit die artikel af omdat in Art 13 God se voorsienigheid ons belydenis te maak. *Ja, aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.*

AMEN